## DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

**NO. 312** **03 APRIL 2017**

**REGISTRASIE VAN AKTES WET, 1937 (WET NO. 47 VAN 1937):**

**STIGTING EN GEBIEDSOMSKRYWING VAN 'N REGISTRASIEKANTOOR TE POLOKWANE VIR DIE PROVINSIE VAN LIMPOPO**

Ek, Gugile Ernest Nkwinti, Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, kragtens artikels 1(1)(*a*)(i) en 1(1)(*a*)(iii) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937) –

(*a*) stig hiermee, met ingang van die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n registrasiekantoor te Polokwane vir die Provinsie van Limpopo; en

(*b*) omskryf hiermee, met ingang van die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die *Staatskoerant*, die gebied van die registrasiekantoor te Polokwane as die Provinsie van Limpopo, soos omskryf in Bylae 1A tot die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996).

**MINISTER VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING**